


# Wings 4 Christ

Ek sukkel nou al vir 'n tydjie om die nuus vir julle oor te dra, ek weet nie mooi waar om te begin nie… Sommige van julle volg dalk so bietjie foto's en stories op Facebook en die blog, ander van julle wonder dalk al wat die afgelope maand of wat van my geword het?

Oor die algemeen gaan dit baie goed, ek glo vas dat ek is waar Vader my wil gebruik, nie net in MAF nie, maar spesifiek in die Tanzanië-program. Hier is baie uitdagings en ek dink ons almal voel die geestelike aanslae van die Vyand, hy is nie gelukkig met wat ons hier doen nie. Een van sy mees effektiewe wapens is om verdeeldheid onder mense te saai. Ons almal ken "devide and conquer" en deur die genade is ons bewus hiervan en almal werk daaraan om die eenheid in die span te behou. Hou ons asseblief in julle gebede in hierdie tyd van verandering en vernuwing, sodat ons die nóg meer effektief kan wees in die werk wat ons doen en ons getuienis na buite kan versterk.

**Die afgelope paar maande**

Ek het al my lisensie toetse en dinge afgehandel en my Tanzaniese vlieglisensie gekry sonder enige probleme. Ek was vir 'n vinnige paar weke in SA en was bevoorreg om my susterskind te sien toe hy nog net 10 daggies oud was. Dit was *amazing*! Daarna was ek vir 'n vliegkursus by MAFSA, waarna ek finaal gereed verklaar is om vir MAF Internasionaal te vlieg! Terug in Tanzanië moes ek toe 12 ure saam met van die ander vlieëniers vlieg voordat ek op my eie losgelaat word.






En dit bring ons by Saterdag toe ek die laaste van die 12 ure gevlieg het en vir die eerste keer sedert ek uit Malawi is (Nov 2009) heeltemal op my eie gevlieg het! Hierdie week is ek geskeduleer vir 'n paar vlugte met passasiers, onder meer kliniekdienste en 'n oogdoktor. Na meer as 2 jaar is dit 'n voorreg om deel hiervan te wees. Vir die volgende paar maande vlieg ek met sekere beperkings, soos ekstra brandstof, spesifieke areas en landingstroke en beperkte ure per dag totdat ek meer vertroud met alles is.

**Ander nuus**

Ek het verlede maand uiteindelik by my woonstel in Arusha uitgekom en na 5 maande kon ek bietjie uitpak en tuis voel. Alhoewel ek net 3 weke daar was voel ek ten minste nou dat ek my eie plek het. Vir die volgende 6 weke gaan ek meestal in Dodoma wees om in te staan vir vlugte van hier af.

Met die dat ek nou in (uiteindelik) Arusha gaan bly, is ek genoodsaak om 'n voertuig te koop. In Dodoma is die huise en die kantore by die lughawe, maar in Arusha is my woonstel en die kantoor te ver van die lughawe af om sonder vervoer oor die weg te kom. Ek was gelukkig om 'n Toyota Hilux Surf by 'n kollega oor te koop. Die helfte kon uit my MAF begroting betaal word en die vir ander helfte het ek 'n rente vrye 36 maande lening by MAF Internasionaal gekry.



Die uitdagings wat ek aan die begin genoem het, het onder andere personeel en rol veranderings tot gevolg gehad. As gevolg hiervan is ek gevra om die rol as "Arusha Base Manager" en "South Maasai Project Coordinator" oor te neem. Ek wil graag by meer as net vliegwerk betrokke wees, maar ek het gehoop om vir die eerste jaar te fokus op vlieg en dan eers 'n ekstra rol te oorweeg. Maar ek het rustigheid dat Vader 'n plan hiermee het en dat Hy vir my die leiding en wysheid sal gee om hierdie take te verrig. Bid asseblief vir my 'n hierdie verband. Ek sal 'n volgende keer meer deel, veral oor die "South Maasai" projek is ek baie opgewonde ten spyte van die uitdagings.

**Finansies & Ondersteuning**

Ek is werklik dankbaar vir elkeen se bydra deur finansies, bemoediging en gebed. Dit is wonderlik om te ervaar hoe elkeen op die nodigste tyd deurkom. Op hierdie stadium staan my finansiële ondersteuning op 88%, eenmalige en ongeïdentifiseerde bydraes bring dit nog nader aan 100%! En ek is rustig dat al die nodige fondse op die regte tyd beskikbaar sal wees.




**Tuombe… (let's pray…)**

Prys die Here vir Sy werk hier in Tanzanië, vir die bydra wat MAF hier maak om Sy woord te verkondig en om mense se lewens te verander. Prys Hom vir Sy geduld met my en die lang pad om my hier te kry. Prys Hom vir Sy voorsienning elke dag.

Bid vir beskerming oor al ons vlugte, spesifiek vir my terwyl ek nog die areas en weerspatrone leerken. Bid vir al die lede van ons span, die Tanzaniers en internationale lede, dat ons as 'n span Jesus se lig hier kan help versprei. Bid vir die mense wat ons bereik sodat hul lewens deur die liefde en genade van Jesus verander kan word.

Bly asseblief in kontak, dit is 'n seën vir my om te hoor hoe dinge met elkeen van julle gaan. Die internet help my darem om redelik op hoogte te bly. Ek het 'n Wings 4 Christ groep op Facebook waar ek foto's en vinnige nuus opsit. Op w4christ.blogspot.com sal ek meer stories vertel, gebedsversoeke deurgee en daar is ook 'n kaart en 'n kalender om te sien wanneer wat waar gebeur.

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.
Ef 3:20-21

MAF
Flying for Life

Kirstein Combrink
Missionary Pilot
Mission Aviation Fellowship Tanzania
Tel: +25575 256 6241
E-mail: kirstein.combrink@maf.or.tz
wings4christ@gmail.com
Website: http://w4christ.blogspot.com
http://www.maf.or.tz

Serving God's Kingdom through Aviation and Technology